**André Buys** (ajbuys@oostvallei.co.za) is 'n ingenieur en afgetrede professor in tegnologiebestuur. André was met Monica (geb. Wait, oorl. 2004) getroud en is tans met Elsa (geb. Terblanche) getroud en hulle het vyf seuns en alreeds nege kleinkinders. Hy het sedert sy jeug 'n belangstelling in sy voorouers se geskiedenis, maar doen genealogiese navorsing as 'n stokperdjie eers sedert 1985. Hy het alreeds twee familiegeskiedenis-boeke geskryf: *Heuningkloof se Mense - Die Wait Familie van Suid-Afrika* (2005) en *Die Lotter Silwersmede van Augsburg en die Kaap* (2016). Hy is tans besig met 'n omvattende multi-dissiplinêre verkennende ondersoek van sy voorouers van die hede tot die oertyd. Behalwe vir die tradisionele genealogiese navorsing word ook gebruik gemaak van familie oorleweringe, argivale rekords, historiografie, mitologie en volkekunde, argeologie, genetika, paleontologie en bevolkingsdinamika modellering.